Plak asseblief die strepieskode-etiket hier	TOTALE PUNTE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

EKONOMIE

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 300 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. **Alle vrae is verpligtend.**
   AFDELING A: Vraag 1
   AFDELING B: Vraag 2, 3, 4 en 5
   AFDELING C: Vraag 6
4. Beantwoord AL die vrae in die ruimtes wat op hierdie vraestel voorsien is.
5. Beantwoord vrae, waar moontlik, punt vir punt, maar in volsinne. 'n Sistematiese aanbieding van feite word vereis.
6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
7. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
8. Moet asseblief **nie** met 'n **potlood skryf nie**, aangesien werk in potlood nie nagesien sal word nie. Enige sketse of diagramme kan egter in potlood gedoen word.
9. Een skoon bladsy (bladsy 36) is aan die einde van die vraestel bygevoeg. Indien daar nie genoeg ruimte is vir jou antwoord nie, gebruik hierdie bladsye. Dui asseblief duidelik die vraagnommer van jou antwoord aan wanneer jy hierdie ekstra ruimte gebruik.

Puntetoekenning

V1	V2	V3	V4	V5	V6	Totaal
50	**50**	**50**	**50**	**50**	**50**	**300**

IEB Copyright © 2020

AFDELING A

VRAAG 1

Kies die korrekte alternatief en skryf die letter van die korrekte antwoord in die blokkie.

1.1	
1.2	
1.3	
1.4	
1.5	
1.6	
1.7	
1.8	
1.9	
1.10	
1.11	
1.12	
1.13	
1.14	
1.15	
1.16	
1.17	
1.18	
1.19	
1.20	

1.1 Volgens die kringloop van die inkomstemodel wanneer 'n ekonomie in ewewig is, kan ons verwag dat lekkasies … inspuitings is.

A meer as
B gelyk aan
C minder as
D meer of minder as (2)

1.2 Watter EEN van die volgende is 'n lekkasie van die kringloop van inkomste van 'n ekonomie?

A Verbruik
B Belegging
C Inkomste uit uitvoere
D Besteding aan invoere (2)

IEB Copyright © 2020

1.3 Bestudeer **Figuur 1** hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Figuur 1: Die Sakesiklus



'n Opbloei-/Voorspoedfase word die beste voorgestel deur …

A punt W tot punt X.
B punt X tot punt Y.
C punt Y tot punt Z.
D punt W tot punt Z. (2)

1.4 'n Oligopolie is 'n markstruktuur wat deur … gekenmerk word.

A 'n groot aantal klein firmas
B 'n enkele verkoper en slegs 'n paar kopers
C interafhanklikheid van die verskillende firmas in die besluitneming
D maklike toegang tot en uittrede van die mark (2)

1.5 Ligtorings, straatligte en nasionale verdediging is voorbeelde van …

A algemene hulpbronne.
B merietegoedere.
C openbare goedere.
D private goedere. (2)

1.6 'n Minderwaardige produk het altyd 'n …

A positiewe pryselastisiteit van vraag.
B groot aantal plaasvervangers.
C negatiewe kruisprys-elastisiteit van vraag.
D negatiewe inkomste-elastisiteit van vraag. (2)

1.7 Watter EEN van die volgende stellings is korrek?

A Die vraag na noodsaaklikhede sal meer elasties wees.
B Die vraag na luukshede sal meer onelasties wees.
C Indien brood en tee noodsaaklikhede is, sal 'n styging in prys nie na 'n aansienlike daling in die hoeveelhede wat verbruik word, lei nie.
D Indien brood en tee noodsaaklikhede is, sal 'n styging in prys na 'n aansienlike daling in die hoeveelhede wat verbruik word, lei. (2)

IEB Copyright © 2020

1.8 Bestudeer **Figuur 2** hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Figuur 2: Die mark vir komkommers



Watter een van die volgende scenario's sal lei tot 'n groter hoeveelheid en 'n laer prys wat vir komkommers gevra word?

A 'n Daling in die prys van kunsmis wat gebruik is om komkommers te verbou.
B 'n Warm somer maak dat verbruikers meer komkommers eet.
C Die minimum loon vir plaaswerkers word verhoog.
D Die prys van tamaties daal. (2)

1.9 Bestudeer **Tabel 1** hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Tabel 1: VPI vir 'n land tussen 2017 en 2018

Jaar	**Verbruikersprysindeks**
2017	200
2018	210

Die syfers dui aan dat tussen 2017 en 2018 …

A die koopkrag van geld met 5% geval het.
B die inflasiekoers 10% was.
C die prys van verbruikersgoedere met 10% gestyg het.
D die lewenstandaard met 5% gedaal het. (2)

1.10 'n Goeie voorbeeld van indirekte belasting is …

A inkomstebelasting.
B korporasiebelasting.
C kapitaalwinsbelasting.
D belasting op toegevoegde waarde. (2)

IEB Copyright © 2020

1.11 Bestudeer **Tabel 2** hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Tabel 2: Hipotetiese data vir 'n ekonomie

Staatsbesteding	Besteding aan invoere	Belasting	Beleggings	Inkomste uit uitvoere	Spaargeld
29	20	32	35	19	26

Met alle ander dinge wat dieselfde bly, kan die beplande veranderings aan inspuitings in en lekkasies uit die kringloop van inkomste veroorsaak dat …

A nasionale inkomste styg.
B verbruikersbesteding daal.
C die tekort op die handelsbalans verminder.
D die begrotingstekort styg. (3)

1.12 Gedurende die herstelfase van die sakesiklus word daar verwag dat …

A die werkloosheidskoers sal styg, ekonomiese groeikoers sal daal en pryse stabiel sal bly.
B die werkloosheidskoers sal daal, ekonomiese groeikoers sal styg en inflasiekoers sal styg.
C die werkloosheidskoers konstant sal bly, die tekort op die lopende rekening sal daal en die inflasiekoers sal daal.
D die ekonomiese groeikoers sal daal, die werkloosheidskoers sal styg en die tekort op die lopende rekening positief sal word. (3)

1.13 'n Suid-Afrikaanse maatskappy koop 'n Britse maatskappy wat 'n dividend aan Suid-Afrikaanse aandeelhouers betaal.

Met alle ander dinge wat dieselfde bly, in watter rekeninge van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans sal hierdie twee transaksies aangeteken word en hoe sal dit die rekeninge beïnvloed?

	Koop van die maatskappy	Betaling van die dividend
A	Daling in die finansiële rekening	Styging in die lopende rekening
B	Styging in die finansiële rekening	Daling in die lopende rekening
C	Styging in die kapitaalrekening	Daling in die finansiële rekening
D	Daling in die kapitaalrekening	Styging in die lopende rekening

(3)

IEB Copyright © 2020

Vraag 1.14 en Vraag 1.15 is op Figuur 3 gegrond.

Bestudeer Figuur 3 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Figuur 3: Wisselkoerse



1.14 Met alle ander dinge wat dieselfde bly, bevestig die grafiek dat die rand (ZAR) …

A gestyg het.
B gedepresieer het.
C geappresieer het.
D konstant gebly het. (3)

1.15 Die grafiek bevestig dat daar …

A 'n groot, volhardende tekort op die lopende rekening was.
B 'n daling in die goudprys was.
C 'n daling in die verdienste wat deur buitelandse beleggings gegeneer is, was.
D 'n aansienlike styging in inwaartse buitelandse direkte belegging was. (3)

1.16 Wat druk die wet op afnemende marginale nut die beste uit?

A Hoe groter die verbruik van 'n produk, hoe kleiner is die totale en marginale nut uit die verbruik.
B Hoe minder die verbruik van 'n produk, hoe groter is die totale en marginale nut van die verbruik.
C Hoe groter die verbruik van 'n produk, hoe kleiner is die marginale nut uit die verbruik van 'n bykomende eenheid.
D Hoe groter die verbruik van 'n produk, hoe kleiner is die totale nut van die verbruik. (3)

1.17 Hoekom **oordryf** gepubliseerde syfers vir nasionale inkomste per kop van die bevolking teen konstante pryse oor 'n tydperk die verbetering in 'n land se gemiddelde lewenstandaard?

A Die ekonomie het inflasie ervaar.
B Die bevolking het toegeneem.
C Daar was 'n daling in die gemiddelde ure gewerk.
D Daar was 'n toename in besoedeling. (3)

IEB Copyright © 2020

1.18 Bestudeer **Figuur 4** hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Figuur 4: Die Phillips-kromme



Die Phillips-kromme hierbo demonstreer dat …

A hoë inflasie tot hoë werkloosheid lei.
B wanneer inflasie styg werkverskaffing daal.
C die verrekening om inflasie van 7% tot 3% te verlaag 'n 4%-styging in werkloosheid is.
D die verrekening om werkloosheid van 7% tot 4% te verlaag 'n 3% inflasie is. (3)

1.19 In 'n poging om hiperinflasie te verminder, het die Zimbabwiese regering maksimum pryse op 'n verskeidenheid produkte opgelê. Dit het veroorsaak dat die prys van goedere wat onwettig verkoop word, styg.

Watter EEN van die volgende stellings kan dit verklaar?

A Die maksimum pryse het vraag verhoog terwyl dit aanbod verminder het.
B Die maksimum pryse het vraag verminder terwyl dit aanbod verhoog het.
C Die maksimum pryse is bo die ewewigsprysvlakke gestel.
D Die maksimum pryse is op die ewewigsprysvlakke gestel. (3)

IEB Copyright © 2020

1.20 Bestudeer **Tabel 3** hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Tabel 3: Hipotetiese data vir 'n ekonomie

Kwartaal	Indeks van Reële BBP	VPI
K1 – 2018	107	100
K2 – 2018	106	105
K3 – 2018	105	111
K4 – 2018	106	116

Watter stelling oor hierdie ekonomie is korrek?

Gedurende die vier kwartale het die ekonomie … ervaar.

A disinflasie toe dit in resessie was
B inflasie toe dit van 'n resessie herstel het
C deflasie en 'n resessie
D disinflasie toe dit van 'n resessie herstel het (3)

50 punte

IEB Copyright © 2020

AFDELING B

VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 Bestudeer **Tabel 4** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Tabel 4: Nasionale rekening se syfers in 2017 en 2018 teen konstante pryse

Item	**2017 R miljoen**	**2018 R miljoen**
Finale verbruiksbesteding deur huishoudings	1 902 851	1 937 396
Finale verbruiksbesteding deur die algemene regering	629 712	**A**
Bruto vastekapitaalvorming	618 516	609 614
B	3 189	–5 440
C	–2 442	316
Bruto Binnelandse Besteding	**3 151 826**	**3 183 398**
D	**905 898**	**929 792**
Invoere van goedere en dienste	**E**	**968 651**
Bruto Binnelandse Produk	**3 119 984**	**3 144 539**

[Bron: <https://www.resbank.co.za>]

2.1.1 Watter metode om die nasionale rekening te bereken, is in Tabel 4 gebruik?

(2)

2.1.2 Noem of bereken A tot E. Jy hoef nie jou berekenings te wys nie.

(5)

2.1.3 Gebruik die syfers wat gegee is en bereken die ekonomiese groeikoers vir 2018. Toon alle berekenings.

(4)

2.2 2.2.1 Gebruik 'n voorbeeld om die ekonomiese begrip *marginale verbruiks-geneigdheid (mvg) te beskryf.*

(3)

2.2.2 Indien die mvg = 0,8, wat is die waarde van die vermenigvuldiger (k)? Toon alle berekenings.

(3)

2.2.3 Indien staatsbesteding aan goedere en dienste met R20 miljoen styg terwyl belasting met R4 miljoen styg, wat sal die finale verandering in Nasionale Inkomste wees? Toon alle berekenings.

(4)

2.3 **Terwyl die saamvallende aanwyser 'n redelike akkurate idee van die huidige stand van ekonomiese aktiwiteit gee, is dit van min nut vir besighede.**

2.3.1 Hoekom is die saamvallende aanwyser "van min nut vir besighede"?

(2)

IEB Copyright © 2020

2.3.2 Verduidelik kortliks die verskil tussen *leidende aanwysers* en *sloerende aanwysers* en gee 'n rede vir watter een van die twee nuttiger vir ekonome is.

(6)

2.4 Bestudeer **Tabel 5** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Tabel 5: Suid-Afrika se betalingsbalansrekening se jaarlikse syfers vir 2018

Betalingsbalans	**R miljoene**
Handelsware-uitvoere	1 175 547
Netto gouduitvoere	71 678
Diensontvangste	210 415
Inkomste-ontvangste	96 507
Minus: Handelsware-invoere	1 222 944
Minus: Betaling vir dienste	217 939
Minus: Inkomstebetalings	250 552
Huidige oordragte (netto ontvangste +)	–35 674
Saldo op lopende rekening	–172 962
Kapitaaloordragrekening	236
Saldo op finansiële rekening	153 388
Onaangetekende transaksies	30 675
Verandering in netto goud- en ander buitelandse reserwes	–11 337

[Bron: <https:// www.resbank.co.za>]

2.4.1 Beskryf die ekonomiese term *betalingsbalans.*

(2)

2.4.2 Bereken die handelsbalans. Toon alle berekenings.

(4)

IEB Copyright © 2020

2.4.3 Is daar 'n tekort of surplus op die betalingsbalansrekening? Motiveer jou antwoord.

(4)

2.4.4 Noem en bespreek kortliks elk van die subrekeninge van die finansiële rekening en **stel** EEN manier voor hoe die Suid-Afrikaanse regering besighede kan aanmoedig om te verseker dat meer geld die land inkom.

(11)
[50]

VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 Bestudeer **Tabel 6** hieronder en gebruik die koste- en inkomstedata om die vrae wat volg te beantwoord.

Tabel 6: Koste- en inkomstedata

Hoeveelheid verkoop	Prys per eenheid	Totale inkomste	Totale koste	Marginale inkomste (MI)	Marginale koste (MK)
0	10	-	6	-	-
1	**A**	10	15	10	**B**
2	10	20	**C**	10	7
3	10	**D**	27	10	5
4	10	40	31	10	4
5	10	50	39	10	8
6	10	60	48	10	10
7	10	70	63	10	15

3.1.1 Bereken die waarde van A, B, C en D. Jy hoef nie jou berekenings te toon nie.

(4)

3.1.2 Hoeveel eenhede moet verkoop word om winsmaksimering te bereik? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(4)

IEB Copyright © 2020

3.2 Bespreek TWEE oorsake van markmislukking en **stel vas** wat die regering oor elkeen kan doen.

(12)

3.3 Bestudeer **Bron 1** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Bron 1

DStv het 'n monopolie oor betaalde satelliet-TV in Suid-Afrika met sy mededinging wat nie met sy uitgebreide aantal kanale en sportuitsaairegte kan meeding nie.

[Bron: Aangepas uit: <https://www.mybroadband.co.za>]

3.3.1 Beskryf die ekonomiese term *monopolie.*

(2)

3.3.2 Vir baie jare is DStv as 'n voorbeeld van 'n monopolie beskou. Motiveer hoe hierdie voorbeeld ooreenstem met die volgende eienskappe van monopolieë:

Aard van die produk

Toegang/toetrede tot die mark

IEB Copyright © 2020

Maatskappy se beheer oor die prys van die produk

Beskikbaarheid van markkennis

(16)

Bestudeer **Bron 2** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Bron 2



Die toename in aanlyn stromingsdienste gepaardgaande met dalende internetpryse beteken egter dat DStv nou aansienlike mededinging in die video-inhoudmark het.

[Bron: <https://www.mybroadband.co.za>]

3.3.3 Noem TWEE voordele wat verbruikers van 'n toename in mededinging in die aanlyn stromingsdienste kan verwag.

_____

_____

_____

(2)

3.3.4 Sal die kruiselastisiteit van vraag na aanlyn stromingsdienste en DStv negatief of positief wees? Verduidelik jou antwoord.

_____

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2020

3.3.5 Gebruik SLEGS 'n aanbod-en-vraag-grafiek om die uitwerking wat "dalende internetpryse" op die aanlyn stromingsmark sal hê, te toon.



(6)
[50]

VRAAG 4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 Bestudeer **Kaart 1** en **Kaart 2** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Kaart 1: Chili en Ekwatoriaal-Guinee

Soortgelyke inkomste, verskillende MOI-waarde



BBP per capita (duisende)	Menslike Ontwikkelingsindeks

Kaart 2: Gaboen en Indonesië

Verskillende inkomste, dieselfde MOI-waarde



BBP per capita (duisende)	Menslike Ontwikkelingsindeks

4.1.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling.*

(4)

4.1.2 Met verwysing na Kaart 1 en Kaart 2 hierbo, watter land het die hoogste lewenstandaard?

(2)

4.1.3 Met verwysing na Kaart 1 en Kaart 2 hierbo, watter land het die laagste gemiddelde inkomste per persoon?

(2)

IEB Copyright © 2020

4.1.4 Noem TWEE van die hoofkomponente waaruit die *Menslike Ontwikkelingsindeks* bestaan, waarna in Kaart 1 en Kaart 2 (Bladsy 20) verwys word.

_____

_____

(2)

4.1.5 Met betrekking tot die lande wat in Kaart 1 en Kaart 2 (Bladsy 20) genoem is, beskryf in breë trekke TWEE redes hoekom 'n hoë BBP per capita nie noodwendig 'n hoë waarde van die Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI) tot gevolg sal hê nie.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2020

4.2 Bestudeer **Kaart 3** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Kaart 3: Die Gini-indeks



4.2.1 Beskryf die ekonomiese term *ongelykheidsgaping.*

_____

_____

(2)

4.2.2 Op Kaart 3 hierbo, identifiseer TWEE:

Ontwikkelende lande

_____

_____

Ontwikkelde lande

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2020

4.2.3 Verduidelik kortliks hoe om die Gini-koëffisiëntindeks en die betekenis dat "Suid-Afrika die swakste telling op die Gini-indeks het" te interpreteer.

(4)

4.2.4 Verduidelik TWEE maniere waarop belasting (direkte en indirekte) gebruik kan word om die Gini-koëffisiënt te verbeter.

(6)

4.3 Bestudeer **Kaart 4** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Kaart 4: Suid-Afrika se belasting



[Bron: <https://businesstech.co.za/news/finance/207631/this-is-who-is-paying-south-africas-tax/>]

4.3.1 Uit 56 miljoen Suid-Afrikaners betaal hoeveel mense belasting? Jy hoef nie jou berekenings te wys nie.

(2)

4.3.2 Hoeveel verdien mense wat as "middelklas" geklassifiseer word per jaar?

(2)

4.3.3 Beskryf die tipe inkomstebelastingstelsel wat ons in Suid-Afrika gebruik.

(4)

IEB Copyright © 2020

4.3.4 Bespreek kortliks met behulp van 'n diagram, DRIE redes hoekom totale belastinginkomste kan daal as die belastingkoers in Suid-Afrika styg.

(12)

[50]

VRAAG 5 GEMENGDE VRAE

5.1 **Sedert die wêreldwye finansiële krisis van 2008 was daar al meer as 5 700 stygings in invoertariewe en -kwotas op internasionale handel.**

5.1.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen *invoertariewe* en *invoerkwotas.*

(4)

5.1.2 Bespreek DRIE argumente ten gunste van proteksionisme.

(12)

IEB Copyright © 2020

5.2 **Volgens COSATU en SAFTU moet die Nasionale Minimum Loon hersien en verhoog word.**

5.2.1 Beskryf die ekonomiese term *minimum loon*.

_____

_____

(2)

5.2.2 Waarvoor staan die akroniem COSATU?

_____

_____.

(2)

5.2.3 Gebruik SLEGS 'n diagram om die uitwerking van 'n minimum loon op die arbeidsmark te illustreer.



(6)

IEB Copyright © 2020

5.2.4 Evalueer die ekonomiese voordele en nadele van 'n styging in die nasionale minimum loon.

(8)

5.3 Bestudeer **Bron 3** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Bron 3: Die nuwe inflasiemandjie

[Bron: CPI_Infographic_Whats-out.jpg]

5.3.1 Watter organisasie is verantwoordelik vir die samestelling van die VPI-mandjie?

(2)

IEB Copyright © 2020

5.3.2 Verduidelik kortliks hoe die Verbruikersprysindeks saamgestel word.

(4)

5.3.3 Ontleed die TWEE hoofoorsake van inflasie.

(10)
[50]

200 punte

AFDELING C

VRAAG 6 DATA-RESPONS

6.1 Bestudeer **Bron 4** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Bron 4: Suid-Afrika se ekonomie



[Bron: <https://twitter.com/brandanrey>]

6.1.1 Waarvoor staan die akroniem SARB?

_____

(2)

6.1.2 Illustreer die spotprent ekspansionistiese of beperkende monetêre beleid? Verduidelik jou antwoord kortliks.

_____

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2020

6.1.3 Gebruik 'n diagram van totale vraag en totale aanbod en 'n verduideliking om te illustreer hoe monetêre beleid die ekonomie 'n hupstoot kan gee en tot ekonomiese groei kan lei.

(12)

6.2 Bestudeer **Bron 5** en **Bron 6** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Bron 5: Plastieksakheffing



[Bron: <https://greenhome.co.za/blog/south-africans-and-the-plastic-bag/>]

Bron 6: Plastieknasie

Plastieknasie: Suid-Afrika se groeiende kopseer

Met stygende vlakke plastiekbesoedeling in ons land en oseane en 'n gebrek aan biodegradeerbaarheid in grondopvullingsterreine, is daar ernstige redes vir die Suid-Afrikaanse regering om plastieksakke te verbied.

Met die heffing van 12c 'n sak is meer as twee miljard plastiese sakke verlede jaar in Suid-Afrika verkoop. Die heffing het klaarblyklik 'n klein, maar betroubare geldmaker vir die Nasionale Tesourie geskep, met min effek op die vermindering van vullis en aanmoediging om te hergebruik.

Om te belas of te verbied?

Suid-Afrika oorweeg twee opsies — 'n verbod op "geprioritiseerde" enkelgebruikplastiek of hoër belasting op enkelgebruik plastiese produkte.

Die plastiek- en verpakkingsnywerhede, wat omtrent 60 000 mense in diens het, is ongelukkig oor albei punte en redeneer dat behoorlik bestuurde herwinnings- en afvalbestuurstelsels die oplossing vir Suid-Afrika se probleem is.

[Artikels aangepas uit bronne: <https://bucket.mg.co.za/wp-media/2019/04/4450c872-00-death-or-taxes-for-polluting-plastic-696x445.jpeg> & <https://www.businesslive.co.za/fm/features/2019-06-06-plastic-nation-sas-growing-headache/>]

IEB Copyright © 2020

6.2.1 Wat word bedoel met die term *plastieksakheffing*?

(2)

6.2.2 Verduidelik kortliks hoekom die gebruik van plastieksakke deur kopers 'n voorbeeld van 'n negatiewe eksternaliteit in verbruik is.

(4)

6.2.3 Verduidelik kortliks hoekom ons kan aanneem dat die pryselastisiteit van vraag na plastieksakke as óf elasties óf onelasties beskou kan word.

(4)

6.2.4 Met verwysing na Bron 6 (bladsy 32), ontleed TWEE ekonomiese uitdagings waarvoor Suid-Afrika te staan sal kom indien daar 'n totale verbod op enkelgebruikplastiek is.

(6)

IEB Copyright © 2020

6.3 Bestudeer **Bron 7** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Bron 7: Suid-Afrika se ekonomiese groei



[Bron: <https://twitter.com/brandanrey>]

6.3.1 Met verwysing na Bron 7 hierbo, hoekom het die spotprenttekenaar Suid-Afrika se ekonomie op die manier uitgebeeld wat hy het?

(2)

6.3.2 Kies DRIE kwessies wat in die spotprent hierbo geïdentifiseer is en verduidelik hoe elkeen van hulle die ekonomiese groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie beperk.

(6)

IEB Copyright © 2020

6.4 Bestudeer **Kaart 5** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Kaart 5: Suid-Afrika se Reële BBP en VPI



[Bron: <https://politicaleconomy.org.za/2019/08/gdp-growth-and-public-finance-in-south-africa-fy2019-20/>]

6.4.1 Noem VIER van Suid-Afrika se makro-ekonomiese doelwitte.

(4)

6.4.2 Moet die Suid-Afrikaanse regering bekommerd wees oor die data in Kaart 5 hierbo? Motiveer jou antwoord.

(4)

50 punte

Totaal: 300 punte

BYKOMENDE RUIMTE OM VRAE TE BEANTWOORD. ONTHOU OM DUIDELIK AAN TE DUI BY WATTER VRAAG JY DIE BYKOMENDE RUIMTE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE VRAE NAGESIEN WORD.

IEB Copyright © 2020